**Saterdag 1 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 1:1-20** | **Fokusgedeelte: Rigters 1:7** |
|---|---|

# Hoe kan God …?

Is God net die God van liefde?

- Wat dan as sy volk oorlog maak?
- Wat dan as wreedhede gepleeg word?

God laat Juda die land skoonmaak vir sy volk. So breek Hy ’n pad oop vir die Vredevors wat moes kom.

Die leër van Besek word verslaan. Hulle aanvoerder, Adoni-Besek, word gevang en wreed vermink met ’n ou straf wat gekeer het dat hy weer kon veg.

Dit klink verskriklik dat God se volk so kan optree. Dis asof God hierdie wreedheid toe-laat. Adoni-Besek sien dit anders. Hy self het ander dan net so vermink. Hy verdien die straf. God is tog ’n regverdige God.

- Wat dan as my woorde God se stem stilmaak?
- Wat dan as my hande God se werk afbreek?
- Wat dan as my gedagtes God seermaak?

Dit is mos wat my sonde doen! Nes Adoni-Besek verdien ons ’n verskriklike straf.

God is tog regverdig – daarom straf Hy elke sonde wat teen Hom begaan word, maar as liefdevolle Vader gee Hy sy Seun om in ons plek die straf weg te dra. Meer as Christus se duime en groottone is afgesny. Hy is deur die dood om ons vry te koop.

God se plan om hierdie wêreld te red, loop ook deur wreedhede. Vir ons beteken dit:

- In voorspoed kan ons dankbaar wees.
- In teenspoed kan ons op ons Here vertrou.
- Hy sal selfs die slegte in ons lewe omkeer sodat dit tot ons beswil dien, want God rig ons lewe deur Christus.

Kan jou lewe dan anders as om diens tot God te wees?

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*